H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: lseligwa@eligwa.co.za

6 Maart 2026

Geagte Ouers / Voogde

**Nuusbrief Nr. 3 van 2026**

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. AKADEMIE**

Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om toe te sien dat u kind se tas korrek gepak is vir elke dag. Daar is te veel kinders wat goed by die huis vergeet en dan moet onnodige oproepe uit die kantoor gemaak word. Dankie vir u samewerking in die verband.

**2. PERSONEELSAKE**

Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van Me. Daniëlle Hubbard. Me. Hubbard se dogtertjie word binnekort gebore waarna sy tuis gaan bly om haar kind groot te maak. Ons wil vir haar baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat sy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir haar 'n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor haar uit.

**3. VALENTYNSDAG**

Baie dankie vir u ondersteuning ten opsigte van Valentynsdag. Die leerlinge het dit vreeslik geniet.

**4. BUITEMUURSE AKTIWITEITE:**

Baie geluk aan die volgende atlete wat in die D8-span opgeneem is : JD Jansen, Lian Thomas, Kayvian Gorrie, Wiehan Bezuidenhout, Lihan Kriel, Janco du Plessis, Elandri Smal, Brigitte Ziemering, Mieke Kriel en Cadence de Villiers. Hulle gaan ons verteenwoordig by die Gauteng-kampioenskappe op 13 en 14 Maart 2026. Baie sterkte en hou ons naam hoog.

Ons is nou volstoom besig met rugby, netbal en skaak. Leerlinge moet asseblief betyds opdaag vir oefening en nie net sommer wegbly nie.

**5. RUGBY AANDREEKSE**

Die volgende aandreekse word aangebied:
Alle spanne by Transvalia 6 Maart 2026 vir "Friday Night Lights" aandreeks.
O/11 aandreeks by Laerskool Eligwa op 11 en 12 Maart 2026.
O/10 en 1ste span by Laerskool Midvaal 17 en 19 Maart 2026.
Baie sterkte aan ons seuns en afrigters.

**6. NETBAL AANDREEKSE**

Die volgende aandreekse word aangebied:
Alle spanne - Emfulenipark – 18 Maart 2026.

**7. KARNAVAL**

U het reeds al die inligting ontvang rakende ons karnaval. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning. Kaartjies in ‘n boekieformaat is reeds beskikbaar in die kantoor om ‘n bottelnek op die betrokke dag te voorkom (boekie vir R100–maatjies, boeties en sussies kan deel). Leerlinge kan reeds vanaf 2 Maart 2026 begin betaal vir die ***Rainbow Inflatables*** bandjies (R90). Maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die kaartjies en bandjies vir die ***Rainbow Inflatables*** sal op die oggend van die karnaval aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die borgvorms is Woensdag, 6 Mei 2026.

**8. MINISPORTDAG**

Ons minisportdag vind plaas op Vrydag, 20 Maart 2026. Die skool sluit dan 11:45 vir Gr. RR tot 3 leerlinge en 12:00 vir Gr. 4 tot 7 leerlinge.

**9. JEUGLAND OUETEHUIS**

Ons wil graag ‘n vriendelike versoek aan ons ouers rig om nie in die oggende of in die middae voor die agterste ingang van Jeugland ouetehuis te parkeer nie. Dit is hulle dienslaan en moet te alle tye toeganklik wees. Dankie vir u begrip wat dit aanbetref.

**10. GHOLFDAG**

Eligwa bied op Vrydag, 13 Maart 2026 ‘n gholfdag aan. Indien u belangstel om ‘n putjie te borg of om ‘n prys te borg, kontak gerus die skool. Alle leerlinge sluit op Vrydag, 13 Maart 2026 om 13:00.

Eligwagroete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**